



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

**GRAAD 12**

**DRAMATIESE KUNSTE**

**FEBRUARIE/MAART 2011**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. BEANTWOORD SLEGS DIE VRAE OOR DIE TONEELTEKSTE WAT JY BESTUDEER HET.
2. Daar word VYFTIEN minute leestyd toegestaan voor die begin van die eksamen.
3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:  
  
AFDELING A (30 punte)  
AFDELING B (60 punte)  
AFDELING C (60 punte)
4. AFDELING A bestaan uit TWEE vrae:

- VRAAG 1: Epiese Teater  
(*Kaukasiese Krytsirkel, Moeder Courage of Hanna Hy Kô Hystoe*)
- VRAAG 2: Teater van die Absurde  
(*Afspraak met Godot, Die Kaalkop Prima Donna of Bagasie*)

Beantwoord slegs EEN vraag uit AFDELING A.

5. AFDELING B bestaan uit AGT vroegtes:
  - VRAAG 3 (*Boesman en Lena*)
  - VRAAG 4 (*uNosilimela*)
  - VRAAG 5 (*Woza Albert!*)
  - VRAAG 6 (*Sophiatown*)
  - VRAAG 7 (*Nothing but the Truth*)
  - VRAAG 8 (*Groundswell*)
  - VRAAG 9 (*Siener in die Suburbs*)
  - VRAAG 10 (*Mis*)
6. AFDELING C bestaan uit DRIE vroegtes. VRAAG 11 en VRAAG 12 is VERPLIGTEND. Beantwoord by VRAAG 13 enige EEN van die drie vroegtes, VRAAG 13.1 OF VRAAG 13.2 OF VRAAG 13.3.
7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. Gee aandag aan die getal punte wat aan elke vraag toegeken is.
9. Gebruik jou klaskamerkennis, asook onafhanklike en kreatiewe denke, om die vroegtes te beantwoord.
10. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: BEGRYP EN ANALISEER**

Beantwoord ÓF VRAAG 1: EPIESE TEATER ÓF VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE.

**VRAAG 1: EPIESE TEATER**

Beantwoord hierdie vraag indien jy *Kaukasiese Krytsirkel* OF *Moeder Courage* OF *Kanna Hy Kô Hystoe* bestudeer het.

- 1.1 Brecht het geglo dat teater nie tot die toeskouer se gevoelens nie, maar tot sy verstand moet spreek. Terwyl dit steeds vermaak verskaf, moet dit sterk didakties (opvoedkundig) wees en in staat wees om sosiale verandering uit te lok.

Bespreek hoe die epiese toneelstuk wat jy hierdie jaar bestudeer het, vermaak verskaf het, maar steeds didakties (opvoedkundig) was en sosiale verandering aangemoedig het. Verwys in jou antwoord na spesifieke voorbeeld uit die toneelstuk om jou bespreking te ondersteun. (20)

- 1.2 Beskryf VYF verskille tussen Epiese en Realistiese Teater. (5 x 2) [30]

**OF**

**VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE**

Beantwoord hierdie vraag indien jy *Afspraak met Godot* OF *Die Kaalkop Prima Donna* OF *Bagasie* bestudeer het.

- 2.1 Wanneer 'n wêreld as 'absurd' gekarakteriseer word, maak dit nie langer sin vir sy mense nie. Rationale (verstandige) besluite is onmoontlik en alle handelinge is betekenisloos en futiel (nutteloos).

Bespreek hoe die karakters en hulle handelinge in 'n absurde toneelstuk die stelling hierbo ondersteun. Verwys in jou antwoord na spesifieke voorbeeld uit die toneelstuk wat jy bestudeer het. (20)

- 2.2 Beskryf VYF verskille tussen Teater van die Absurde en Realistiese Teater. (5 x 2) [30]

**TOTAAL AFDELING A:** 30

**AFDELING B: BEGRYP EN ANALISEER**

Beantwoord slegs TWEE vrae uit hierdie afdeling.

**DAAR IS AGT VRAE IN HIERDIE AFDELING. BEANTWOORD SLEGS TWEE VRAE WAT HANDEL OOR DIE TWEE TONEELSTUKKE WAT JY BESTUDEER HET.**

**VRAAG 3: BOESMAN EN LENA DEUR ATHOL FUGARD****BRON A**

LENA:	Ja! Vanmôre nog lekker: "Stoot hom om, my baas! Dankie, baas! Weg is ons!" Darem odd gelyk, hê Boesman! Al die pondokke plat. En die arme mense aan die rondhol om hulle dingetjies te redde. Toe lag jy lekker, ja. Maar nou? Hier sit ons. Amper donker en Boesman moet 'n nuwe pondok opslaan. Die wêreld voel maar wyd as jy so sit ... nie eens 'n bossie om hom jou eie size te maak nie. Nóús die tyd vir lag. Is mos snaaks ... kyk dan vir ons! Boesman en Lena, alweer hier ... ja, met die hemel daarbo vir 'n dak! [Pouse ... Boesman staar haar aan]	1 5 10
BOESMAN:	[skud sy kop as hy ten laaste die stilte verbreek] Jissus Lena! Ek sê vir jou, die volgende keer wat ons loop! ...	
LENA:	Wat moet jy nou sit en praat van daai?	
BOESMAN:	Die Volgende Keer Wat Ons Loop! ...	
LENA:	Wá ... loop?	15
BOESMAN:	... dan hou ek án met loop. Ek sal loop en loop ...	
LENA:	Eina tog!	
BOESMAN:	... tot jy so bleddie moeg is dat jy nie jou bek kan oopmaak daar waar ek stop nie! ... Daai anmekaar se stront van nonsens wat daar uitkom as jy jou bek oopmaak, jy !	20

- 3.1 Verduidelik hoe die aktrise fisies sal optree as sy Boesman se woorde sê: "Stoot hom om, my baas! Dankie Baas! Weg is ons!" (reël 1 en 2 ). (4)
- 3.2 Watter tipe verhoogplasing en inkleding sal jy gebruik wanneer jy hierdie toneelstuk opvoer om te wys dat 'Die wêreld voel maar wyd as jy so sit ... nie eens 'n bossie om hom jou eie size te maak nie' (reël 6 en 7)? (6)

3.3 Verwys na reëls 12, 14 en 16.

3.3.1 Waarom herhaal Boesman sy woorde in hierdie reëls? (2)

3.3.2 In reëls 11, 13 en 15 hoe sal die akteur wat Boesman vertolk, stemtoon en volume gebruik om sy verskillende gevoelsvlakke te wys? Gee redes vir jou antwoord. (4 x 2) (8)

3.4 Regverdig (gee redes vir) Fugard se keuse om 'n toneelstuk te skryf wat arm karakters, ontmagtig en verstote deur die samelewings, gebruik as 'n werktuig om ons gemeenskaplike menswees te ondersoek.

(10)  
**[30]**

**VRAAG 4: *uNOSILIMELA DEUR CREDO MUTWA***

Lees die uittreksel hieronder uit *uNosilimela* en beantwoord die vrae wat daarop volg.

THE WEDDING:	<i>iThala/Inkundla and iShashalazi. Bagangile's wedding. AmaQhashi in iThala/Inkundla, baSotho in iShashalazi. BaSotho wear conical straw hats, blankets and trousers or isishweshwe skirts. The women carry brooms of straw or reeds. The amaQhashi begin the dances with indlamu to the song 'Heyi, Vali'. While one party dances the other jeers, appeals to spectators, etc. There is the atmosphere of 'vivacious' (energetic) competition. When the amaQhashi dance is over the baSotho follow with 'Hela, Melodi'. The spectators themselves join in the competition by cheering, mocking, laughing, ululating and singing and dancing themselves. The dancers jeer at each other, jest, mock, appeal to the spectators to judge them. The celebrants continue the songs and dances for as long as they and the spectators wish. When there has been enough dancing Magadlemzini holds up his hand. There is silence.</i>	1 5 10 15
MAGADLEMZINI:	My children, it gives me great pleasure this day to give away another of my many daughters in marriage – uBagangile, the naughty one, this time to a man from far away.	

- 4.1 Party mense glo dat in die inheemse kultuur van Afrika swart mense nie 'toneel speel' nie, hulle 'tree op'. Bespreek die verskil tussen 'toneelspel' en om 'op te tree' en gebruik voorbeeld uit die toneelstuk om jou antwoord te ondersteun. (6)
- 4.2 In inheemse Afrika-opvoeringsvorme maak toeskouers 'n integrale deel van die opvoering uit.
- 4.2.1 Waarom is die toeskouers/karakters in die uittreksel hierbo belangrik? (4)
- 4.2.2 Hoe stel die dramaturg die toeskouers/karakters as deel van die huwelikseremonie voor? (4)
- 4.2.3 Wat is die reaksie van die gehoor wat na die opvoering kyk op die toeskouers/karakters in die uittreksel? (4)
- 4.3 Afrika kulturele opvoerings en rituele gebruik simboliek.
- 4.3.1 Watter aanduiding/aksie gebruik Magadlemzini wat vir die toneelspelers sê dat hulle moet stop? (1)
- 4.3.2 Wat vertel die aanduiding/aksie wat jy in VRAAG 4.3.1 beskryf het aan die gehoor oor Magadlemzini se posisie in die samelewing? (3)
- 4.4 Teken 'n vloerplan van die verhoogarea en beskryf hoe jy die akteurs van die toneel hierbo op die vloerplan sal posisioneer. Regverdig (gee redes vir) jou keuses. (8)  
[30]

**VRAAG 5: WOZA ALBERT! DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON****BRON A**

*Lights up bright on Percy, now a young street meat vendor. The boxes 1  
are his stall. His is swatting flies with a newspaper held in one hand. His  
other hand holds a newspaper as a shade against the sun.*

Mbongeni: (*Enters, singing, as a labourer-customer*):

Siyitshili'igusha sayiqqiba (song)

5

Siyitshili'igusha sayiqqiba

Muhla sitsh'igusha.

Wena wendoda wawuphina

Wena wendoda wawuphina

Muhla sitsh'igusha.

10

[We ate and finished a big sheep the other day.

Where were you when we blessed ourselves with a sheep?]

Mbongeni: Hullo, my boy.

Percy: Hello Baba.

Mbongeni: (*Not tempted by the display*): Ehhh, what meat can you sell me today? 15

Percy: I've got mutton, chicken, and nice sausages. (*Swats a fly on the sausages.*)

Mbongeni: Oh yeah ... the chickens does not smell nice, hey? Must get some cover, some shade from the sun, hey? (*Deliberating.*) Ehhh, how much are the chops?

20

Percy: It's fifty rand fifty, Baba.

5.1 Verduidelik waarom die naam van die akteur 'Percy' op die teks gedruk is, eerder as die naam van die karakter wat hy speel.

(2)

5.2 Bespreek hoe die verhooginkleding wat in reël 1 – 3 beskryf word, tipies is van die verhooginkleding van die toneelstuk as 'n geheel.

(5)

5.3 Mbongeni kom singend op (reël 4). Hoe verryk (verbeter) hierdie sang die opvoering van *Woza Albert!*? Gee TWEE redes vir jou antwoord.

(4)

5.4 Die skeppers van *Woza Albert!* gebruik die karakter van die jong straatverkoper om kommentaar te lewer op die gebrek aan gelyke geleenthede vir alle Suid-Afrikaners.

5.4.1 Verduidelik die jong straatverkoper se probleme.

(3)

5.4.2 Bespreek hoe die tema van ongelykheid weerspieël word deur twee ander karakters wat in die toneelstuk voorkom.

(6)

5.5 Teater van armoede op sy kragtigste; 'n weerspieëling van die kulturele realiteit wat dit laat ontstaan het.

Bespreek tot watter mate jy saamstem met hierdie beskrywing van *Woza Albert!*. Verwys in jou antwoord na Grotowski se teorie van Arm/Gestroopte Teater.

(10)

[30]

**VRAAG 6: SOPHIATOWN DEUR DIE JUNCTION AVENUE-TEATERGEESKAP**

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

*(Lulu is sitting on the floor trying to learn "The Daffodils" by 1 Wordsworth. Jakes watches her as Mingus and Princess quarrel. Mamariti sits quietly in a corner. Fahfee sits at the kitchen table working on his gambling numbers.)*

PRINCESS: Ek soek haar nie hier nie. Mingus, hoe kan jy so maak? Let this Jewish 5 girl just move in? As jou my like, Mingus, you'll get rid of her.

MINGUS: Listen my angel, my princess, ek mca jou, okay, but you are driving me mad. If you don't shaddup I will have to crack you up.

PRINCESS: How can you let her stay here? We don't know who she is. You don't listen to me – you only listen to Jakes. 10

MINGUS: Look you are just an American's tjerrie, and that means you shaddup and listen or I'll have to cut you up.

PRINCESS: I know about these Jewish girls from Yeoville. They're spoilt. Their fathers give them lots of money - they do what they like. They've all got nannies. Well, I'm not going to be anybody's nanny. 15

LULU: You are just jealous.

- 6.1 Reëls 1 – 4 gee 'n aanduiding van die vereistes vir die verhooginkleding van hierdie toneelstuk. Beskryf 'n toepaslike stel vir 'n produksie van *Sophiatown*. Jy mag van 'n skets gebruik maak om jou antwoord te illustreer. (8)
- 6.2 Bespreek die rol van *Drum*-tydskrif in *Sophiatown* (die plek) en *Sophiatown* (die toneelstuk). (4)
- 6.3 Verduidelik wat Lulu se opmerking 'You are just jealous' (reël 16) oor haar verhouding met Princess te kenne gee. (2)
- 6.4 Die karakters is tipies van sekere groepe in *Sophiatown*, eerder as wat hulle realistiese voorstellings van individue is. Bespreek hoe die karakter van Mingus 'n sekere groep wat in *Sophiatown* voorgestel word, verteenwoordig. (7)
- 6.5 Trevor Huddleston wat in die 1950's in *Sophiatown* gewoon het, het opgemerk dat dit 'n 'baie gewelddadige plek' was.
- Bespreek DRIE sosiale kwessies wat die mense van *Sophiatown* geaffekteer het en verduidelik hoe hierdie kwessies in die toneelstuk aangebied word. (9)  
[30]

**VRAAG 7: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI****BRON A**

Sipho: So, you win again Themba. I am still dull. Nothing good is for me. I am still at the library and I am not even the Chief Librarian and will never be. If this country was free, I used to say, I would be Chief Librarian. I watched the release of Nelson Mandela on TV and said to myself 'my time has come.' ... I was part of the STRUGGLE. I too suffered as a black person. I went to marches like everyone else. I might not have been detained. I might not have been on Robben Island. I did not leave this country, but I suffered too. ... No! No more! It's payback time. The taking stops right here and now. I want everything back, Themba.

- 7.1 Verduidelik hoe die titel, *Nothing But The Truth*, betekenisvol en gepas is vir die onderwerp waарoor die toneelstuk handel. (3)
- 7.2 Wie is Themba, en waarom is hy so belangrik in die ontwikkeling van die intrige (storielyn) van *Nothing But The Truth*? (4)
- 7.3 Beskryf hoe die akteur wat Sipho speel, die uittreksel hierbo sal vertolk sodat dit duidelik is dat hy met Themba praat. (4)
- 7.4 Skryf 'n karakterbeskrywing van Sipho waarin jy die konflik in ag neem wat hy in Bron A, asook in die toneelteks as geheel, voel. (6)
- 7.5 Waarom maak Sipho die stelling: 'The taking stops right here and now' (reël 9)? Ondersteun jou antwoord deur na die toneelstuk in geheel te verwys. (3)
- 7.6 *Nothing but the Truth* is 'n toneelstuk 'van versoening en geregtigheid! Bowenal was dit 'n menslike storie vol medelye'. – Zakes Mda
- Bespreek hoe die kwessies van versoening en geregtigheid in die toneelteks aangebied word. (10)  
[30]

**VRAAG 8: GROUNDSWELL DEUR IAN BRUCE**

Lees die uittreksel hieronder uit *Groundswell* en beantwoord die vrae wat daarop volg.

THAMI:	Let him speak, Johan.	1
JOHAN:	Speak.	
SMITH:	I inherited the situation; I didn't make it, did I?	
JOHAN:	But what did you do to improve it?	
THAMI:	Yeka, Johan.	5
JOHAN:	Go on. I'm listening.	
SMITH:	My fault or not, God knows I've had to pay for being white. I've paid, believe me. [Struggles to keep a reasonable note in his tone] What I'm saying is: I don't have to still defend myself to you because of the colour of my credit card, or the size of the car I drive.	10
	[Pause] I am a moral man. I've never been deliberately unkind to another human being. I've never knowingly deprived anyone. I've served my community and the people I worked for with good grace; dealt fairly with those under me. Had I been born somewhere else, in a less complex society perhaps, I would've been a pillar of my society.	15
JOHAN:	How do you know that? How do you know what you'd have been somewhere where you didn't get born in the first class seats, with the easy chances, the smart education?	20
SMITH:	[With some impatience] Yes I had an education ... which I had to sell soap powder door-to-door to afford. There was nothing easy about it. Just because the world wasn't ideal at the time, was I supposed to turn down what came my way ... wait in the streets for the world to improve? I had a family, a responsibility to provide the best I could for a wife and two children.	25
THAMI:	[To Johan] That's what a man must do.	
SMITH:	[With growing anger] And when the time came for change, the future I had spent my strength building, I was asked ... I was told, to relinquish it, give it away, surrender it, forget about it. Others now will receive the rewards of my work. Their children, not mine, will inherit it ... their grandchildren, not mine.	30

- 8.1 Watter tema van *Groundswell* word sterk verteenwoordig in die uittreksel hierbo? (2)
- 8.2 Gee DRIE redes waarom Smith glo hy verdien nie die huidige situasie waarin hy is nie (reël 7 – 26). (3)

- 8.3 Waarom dink jy dat Smith kwaad klink in sy gesprek in reëls 28 – 32? (3)
- 8.4 Beskryf hoe Thami en Johan se reaksies op Smith in die uittreksel 'n aanduiding van hulle verskillende persoonlikhede is. (2 x 3) (6)
- 8.5 Verduidelik hoe jy as regisseur die fisiese werk en die stemwerk van die akteur wat Smith speel, sal lei om hierdie toneel op te voer. (6)
- 8.6 'Vir my lyk dit asof Groundswell op twee hoofvlakke werk: dit is 'n uitstekende riller asook 'n stuk sosiale kommentaar. Dit bevredig met ander woorde as beide vermaak en as 'n hoogs relevante weerspieëeling van toestande in Suid-Afrika vandag.' – Mannie Manim
- Bespreek die geldigheid (waarheid) van die aanhaling deur spesifieke voorbeeld uit die toneelteks te gebruik om jou antwoord te ondersteun (10)  
**[30]**

**VRAAG 9: SIENER IN DIE SUBURBS DEUR PG DU PLESSIS**

9.1 Beantwoord die volgende vrae:

9.1.1 Wie is die siener van die titel van die drama? (1)

9.1.2 Verduidelik hoe die siener se visioen in die tweede bedryf bydra tot die dramatiese spanning in die drama. (4)

9.2 Bespreek die simboliese betekenis van die volgende:

9.2.1 Die kansellap (3)

9.2.2 Die muurteks (3)

9.3 Lees die uittreksel hieronder uit 'n teaterresensie deur Brent Meersman in *Mail & Guardian*, 28 Februarie 2010.

*Siener in die Suburbs*, PG du Plessis se mylpaal Afrikaanse toneelstuk uit die vroeë 1970's (wat hy grootliks op vliegtuie en in hotelkamers geskryf het) het aan hom sy grootste lof besorg, ondanks die feit dat dit beledigend was vir die konserwatiewe bewakers van die Volk se beeld, omdat dit die vernederde, laeklas Afrikaners in hul volle verslegting op 'n verwoestende, realistiese wyse uitbeeld – huishoudelike geweld, familietwiste, ongewenste swangerskappe, dwelms, dobbelary.

Dit was met baie nuuskierigheid waarmee 'n mens die produksie vandag benader het; ek kan nie onthou van enige opvoering daarvan sedert ek dit laas op skool gesien het nie. Sodra 'n mens daardie verwagting op skokke vanuit die 1970's eenkant toe geskuif het, en bewustelik die verplasing na vandag toe gemaak het, het die toneelstuk verbasend nie in die minste verouder nie. Daar is niks daarin wat dit spesifieker maak tot daardie dekade nie. Dit kan oor enige getal mense en families op hierdie oomblik handel.

9.3.1 Beskryf kortliks die sosiale en ekonomiese agtergrond van *Siener in die Suburbs*. (6)

9.3.2 Verduidelik hoe die suburbs met sy 'laeklas'-karakters ('tange'), armoede en drankmisbruik interne konflik by die karakter van Jakes veroorsaak. (5)


9.3.3 Verduidelik hoe 'ongewenste swangerskappe' (reël 6 en 7) in die drama uitgebeeld word. (4)

9.3.4 Bespreek tot watter mate die toneelstuk 'oor enige getal mense en families op hierdie oomblik handel' (reël 14). (4)

[30]

**VRAAG 10: MIS DEUR REZA DE WET**

**BRON A**  
**'n Skematische voorstelling van die struktuur van *Mis***



10.1 Verwys na Bron A hierbo en beantwoord die vrae wat volg.

- 10.1.1 Noem die karakters wat aan die gehoor bekendgestel word in die eksposisie van *Mis*. (4)
- 10.1.2 Beskryf hoe die probleem wat in die eksposisie bekendgestel word, tot een van die temas van die drama bydra. (5)
- 10.1.3 Wat is die motoriese moment (die spesifieke incident wat die aksie begin)? (1)
- 10.1.4 Tydens die verwikkeling van 'n toneelstuk bou dramatiese spanning op wat tot konflik lei. Verduidelik of die konflik in *Mis* innerlik of uiterlik is. (2)
- 10.1.5 Verduidelik die simboliese betekenis van die handeling tydens die klimaks van *Mis*. (3)

10.2 Lees die aanhaling hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

'Die mans in die toneelstuk is nogal uitsonderlik. Een is vroegtydig na bo om op die solder aan die aardse mis te ontsnap; die ander is die blinde wat, soos die wolf in Rooikappie, beter kan sien en ruik.' – Dorothea van Zyl

- 10.2.1 Verduidelik hoe die sosiale en ekonomiese agtergrond van die drama veroorsaak het dat een van die manskarakters 'vroegtydig na bo ... op die solder' is. (6)

10.2.2    '... die ander is die blinde ...' Bespreek hoe verwysings na **blindheid** in die drama bydra tot die dramatiese spanning deur na die volgende te verwys:

- Die titel van die drama
- Die karakter van Konstabel
- Die karakter van Miem

(3 x 3)    (9)  
[30]

**TOTAAL AFDELING B:**    **60**

**AFDELING C: TOEPASSING VAN PERSOONLIKE HULPBRONNE EN BESIN EN EVALUEER**

AFDELING C is VERPLIGTEND.

**VRAAG 11**

Lees die uittreksel uit die toneelstuk *Ipi Zombi?* deur Brett Bailey en beantwoord die vrae wat volg. In die uittreksel verduidelik die twee seuns, STEVE en KROTCH, aan die gehoor wat met hulle gebeur het toe hul taxi in 'n ongeluk betrokke was.

Hieronder volg 'n vrye vertaling van die uittreksel:

ABAZALI BAM BAYALILA [My ouers huil]	1
SANGERS: <i>Abazali bam, abazali bam, bayalila, bayalila ...</i>	
STEVE en KROTCH, die twee bebloede skoolseuns in wit hemde, rooi dasse en lang rooi kouse, sit op die altaar en vertel aan die gehoor hulle storie. STEVE is 'n bietjie lewendiger as die bewerige KROTCH. Die drie sangers is aan die een kant in 'n groep gerangskik en toegedraai in komberse; hulle beweeg met 'n meganiese aksie terwyl hulle sing.	5
STEVE: Ja, weet jy, dit was laat en ons het van Durban af teruggekom – vyftien seuns.	10
KROTCH: Teen daardie tyd het ek al amper gedroom, toe hoor ek 'n groot geraas en toe het ons net geväl.	
STEVE: Ek het probeer skree: ' <i>Imoto iyawa!</i> ' en toe bons die taxi op die grond en toe gaan dit by die heuwel af en almal het gegil.	
KROTCH: Toe ek wakker word, het ek net die taxi om en om in die rondte sien gaan, ek weet nie wat gebeur het nie, toe word ek wakker in die hospitaal. En dit alles omdat die bestuurder vas aan die slaap was.	15
STEVE: Nee, die bestuurder was nie vas aan die slaap nie, die bestuurder was dronk.	
KROTCH: <i>Hayi, hy was moeg.</i>	20
STEVE: Nee, nee, nee –	
KROTCH: Hy was moeg.	
STEVE: Nee, nee, nee, ek het langs hom gesit. Hy was dronk. Ek weet nie hoe ek oorleef het nie, maar op die een of ander manier het ek uit die taxi gekom.	25

KROTCH: Wie het my uitgetrek?

STEVE: Dit was ek.

KROTCH: Ja, né?

STEVE: Ja, eintlik weet ek nie hoe ek hom uitgetrek het nie, dit was so donker – ek het hom aan sy voete getrek.

30

- 11.1 Watter ander funksie (rol) sou die karakters van die Sangers ook kon speel? (1)
- 11.2 Verduidelik hoekom die kursiewe ('italics') isiXhosa-woorde in reël 2 die gehoor se genot en begrip van die toneelstuk verhoog (waarde toevoeg). (2)
- 11.3 KROTCH herhaal dat hy 'wakker geword het' in reël 15 – 17. Beskryf hoe jy die akteur wat KROTCH speel, sal lei om variasie in stemtoon en volume te gebruik wanneer hy hierdie reëls vertolk. (6)
- 11.4 Waar sal jy die klem plaas in reël 18 – 19? Regverdig (gee redes vir) jou antwoord. (3)
- 11.5 Met wie praat STEVE in reël 29 en 30, en hoe sou jy dit fisies en met stemwerk aandui vir teatereffek? (3)

[15]

**VRAAG 12**

Verwys na die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**BRON A: *IPI ZOMBI?***

Die akteurs agter links en regs is mans wat soos vrouens aangetrek is met kalbasse vir borste. Die sentrale figuur agter is 'n moeder wie se seun gesterf het. Die twee seuns voor is skoolseuns wat die dood vrygespring het toe hul taxi in 'n ongeluk was.

**BRON B**

Brett Bailey, die dramaturg/regisseur van *Ipi Zombi?* sê die volgende oor tradisionele teater binne 'n Suid-Afrikaanse konteks: 'Ons sit in 'n donker saal en kyk en luister, en as ons met iemand identifiseer, doen ons dit saggies, net by onself; dit verbind ons nie met mekaar in gemeenskap nie.'

Hy hoop om die siening van teater te verander deur 'Metode: neem township-tradisies en -style, gooい hulle in die menger saam met landelike opvoerings en seremonies, swart evangelisasie, 'n handvol Westerse avant-garde (vernuwende denke) en 'n rapsie showbiz, en druk die knoppie: "THIRD WORLD BUNFIGHT"!'

- 12.1 Hoe dra die gebruik van wit klei op die akteurs se liggame (Bron A) by tot die dramatiese effek in die toneel? (3)

- 12.2 Hoe sou jy as regisseur die mans links en regs agter in Bron A lei om aan die gehoor te wys dat hulle vrouens is? (4)
- 12.3 Verduidelik hoe jou praktiese opleiding in Dramatiese Kunste jou sal help om in 'n uitbundige, luide, hoogs energieke en fisiese produksie op te tree, soos die een wat Brett Bailey in Bron B beskryf. (8)

12.4

**BRON C****EKSAMINATOR SE VERSLAG**

Die akteurs in die groep het interessante karakters geskep deur 'n proses van improvisasie. Die karakters is op 'n oorspronklike wyse op die verhoog voorgestel, wat wys dat die akteurs goed nagedink het oor die skepping van hul karakters. 1

Die akteurs het egter meer aandag aan die karakters gegee as aan die verhooginkleiding van die opvoering. Akteurs het mekaar gemaskeer en die hele verhoogruimte is nie effektief gebruik nie. Op een stadium was daar vanuit die gehoor se perspektief 'n verdeelde fokus omdat twee groepe akteurs tegelykertyd (op dieselfde tyd) gepraat het. 5

- 12.4.1 Verduidelik die term *improvisasie* (reël 2). (2)
- 12.4.2 Hoe sou jy te werk gaan om 'n karakter vir 'n opvoering voor te berei en te repeteer sodat 'n eksaminator kan sê dat jy 'goed nagedink het oor die skepping' (reël 3) van jou karakter? Verwys in jou antwoord na fisiese en vokale (stem-) aspekte van vertolking. (6)
- 12.4.3 Wat word bedoel met die frase 'Akteurs het mekaar gemaskeer' (reël 6)? (2)
- 12.4.4 Verduidelik watter raad jy aan 'n groep sal gee om te verseker dat hulle die verhoogruimte effektief gebruik. (3)
- 12.4.5 As daar twee tonele op die verhoog moet afspeel, hoe sal jy hierdie tonele aanbied om die probleem van 'n 'verdeelde fokus' (reël 8) te vermy? (2)
- [30]

**VRAAG 13**

Beantwoord EEN van die volgende drie vrae, dus OF VRAAG 13.1 OF VRAAG 13.2 OF VRAAG 13.3.

**13.1 LEWENDIGE OPVOERING (KEUSEVRAAG)**

'Gehore hou daarvan om vermaak te word, hulle hou daarvan om te ontsnap. Dit is eenvoudig hoe dit is. Vir my is die skryf van swaar, intens betekenisvolle, verontrustende werk op die oomblik 'n mors van tyd ... Die teater se werk is om mense goed oor hulself te laat voel, wat op sy beurt veroorsaak dat hulle ander mense beter behandel.'

[Nicholas Ellenbogen: akteur, dramaturg, regisseur, stigter van Theatre for Africa]

Skryf 'n paragraaf waarin jy die geldigheid (akkuraatheid) van hierdie aanhaling bespreek. Jy mag in jou antwoord na enige van die punte hieronder verwys:

- Opvoerings van toneelstukke wat jy gesien het
- Toneeltekste wat jy bestudeer het
- Jou eie optree-ervaring

[15]

OF

**13.2 MEDIASTUDIE (KEUSEVRAAG)**

'Ek glo dat die een of ander vorm van ontvlugting nodig is – die lewe is 'n ernstige besigheid ... Sepies is 'n wonderlike manier van ontvlugting ... dit het 'n formule wat kykers intrek en sorg dat hulle nog meer wil hê.'

[Leeandra Reddy: *Isidingo*-aktrise]

Skryf 'n paragraaf waarin jy die geldigheid (akkuraatheid) van hierdie aanhaling bespreek en aandui wat vir die sukses van sepies op televisie verantwoordelik is. Jy mag in jou antwoord na enige van die punte hieronder verwys:

- Sepies waarna jy op televisie kyk
- Video-/filmteorie wat jy bestudeer het

[15]

OF

**13.3 KULTURELE OPVOERING EN RITUEEL (KEUSEVRAAG)**

Die funksie van kulturele opvoering en ritueel vir sy deelnemers (gemeente) is spiritueel en opvoedkundig en help hulle om sin te maak uit die wêreld om hulle. Die effek van kulturele opvoering en ritueel op 'n besoekende gehoor wat maar net na die seremonie kyk, het eerder 'n vermaakklikheidswaarde.

Skryf 'n paragraaf waarin jy die geldigheid (akkuraatheid) van die aanhaling bespreek. Vanaf 'n perspektief van die deelnemers of die gehoor, identifiseer die teatrale tegnieke wat gesien (waargeneem) of direk ervaar word in hierdie seremonies. Jy mag in jou antwoord na enige van die punte hieronder verwys:

- Die funksie van seremonie en ritueel in die samelewning
- Seremonies/rituele waarna jy gekyk het
- Seremonies/rituele waaraan jy deelgeneem het

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C:** 60  
**GROOTTOTAAL:** 150